# EERWAARDE ARCHIBALD LAMONT - KAMPVEGTER VIR DIE MINDERBEVOORREGTE

**F.A. Mouton**
*Universiteit van Suid-Afrika*

*SUMMARY*

**The Reverend Archibald Lamont - Champion of the Underdog**

The Reverend Archibald Lamont dedicated his whole life to improving the position of the underdog, irrespective of his religion, class or race. To him people were merely people and therefore during his term as city councillor he campaigned to improve the position of Durban's underdogs: the white labourers, the Indians and the blacks. Lamont considered racial discrimination against the Indians and blacks especially unacceptable since it clashed with his religious beliefs and his trust in British Justice, a view which did not endear him to most of the Durban whites, who regarded him as too liberal, and which resulted in his defeat during the provincial and parliamentary elections of 1927 and 1929. Lamont's election in 1929 as Durban's mayor therefore came as a surprise. In fact, his election was part of the city council's campaign to end an effective black boycott of the municipal beer halls. This boycott was a result of the blacks' dissatisfaction with the harsh municipal administration. By electing a more liberal person, such as Lamont, as mayor it was hoped to give credibility to the municipality's attempt to end the boycott by following an ambiguous policy of reform and oppression. However, instead of being a mere ceremonial figure, Lamont had his own ideas on reform and justice and during his three years as mayor he succeeded to some extent in improving the position of the blacks. This also brought him into conflict with the city council, *The Natal Mercury*, and most of the Durban whites, who viewed his efforts on behalf of the blacks with suspicion. Eventually Lamont was defeated in his bid for a fourth term as mayor and the city council subsequently took a more conservative stand on racial issues.

In recognition of his efforts to improve the circumstances of the blacks, the new Umlazi black township was named Lamont township (today Lamontville) on black demand. Lamont also received recognition from the white workers of Durban who, as a result of his efforts to improve their economic position, elected him as a member of the provincial council for Greyville in 1932.

## Inleiding: 'n Liberale burgemeester in 'n "blanke" stad van rasse-onverdraagsaamheid

Die laat twintiger- en die vroeë dertigerjare in Durban was 'n tydperk van ongekende rassespanning en onrus tussen blank en swart. Die spanning en onrus was die gevolg van die jarelange houding van onverdraagsaamheid teenoor die swart inwoners van hierdie hawestad. Dit was gedurende hierdie tydperk dat eerwaarde Archibald Lamont in sy hoedanigheid as burgemeester na vore getree het om die lewensomstandighede van die swart Durbaniete te verbeter en blanke rassisme te bekamp. Sy burgemeesterstermyn was die hoogtepunt van 'n

jarelange persoonlike veldtog om die omstandighede van minderbevoorregtes, ongeag hul ras, klas of godsdiens te verbeter. Lamont het geen kleur- of klassebewustheid gehad nie en het mense slegs as mense raakgesien. Hy het alle ongeregtighede beveg wat nie met sy Christelike beginsels of sy siening van Britse geregtigheid gestrook het nie. Vir die Indiërs en swartes van Durban was hy dan ook 'n kampvegter en 'n simbool van geregtigheid. Selfs sy grootste kritikus, *The Natal Advertiser,* het teësinnig sy respek vir Lamont soos volg uitgespreek:

> *"... he is a man of the people, and has a sincere, though often woefully perverse conception of what society owes the bottom dog"*[1].

## Lamont se vroeë lewe en koms na Suid-Afrika

Archibald Lamont is op 14 September 1864 in Port Bannantyne op die Skotse eiland Bute as een van sewe kinders van Alexander Lamont en sy vrou, Sarah Graham, gebore. Hy het sy skoolopleiding in Glasgow voltooi en sy M.A. in etiek in 1888 aan die Universiteit van Glasgow behaal. Daarna het hy as 'n geordende sendeling van die Presbiteriaanse Kerk sendingwerk in Sjina en Singapoer gedoen. In Sjina het hy die plaaslike Sjinese dialek aangeleer, sodat hy sy preke vlot in daardie taal aangebied het. In Singapoer het hy hom ook as opvoedkundige en maatskaplike werker onderskei. Na 'n verblyf van sewe jaar het hy Singapoer verlaat en na Skotland teruggekeer waar hy sy B.D.-graad in 1896 verwerf het. Daarna het hy 'n aantal gemeentes in Skotland en Engeland bedien.

In 1910 is sy vrou en oudste seun oorlede en om van die terugslae te herstel, het hy in 1912 'n suster in Adelaide, Suid-Afrika, besoek. Hierdie besoek het gelei tot permanente verblyf in Suid-Afrika. In Tarkastad, sy eerste gemeente in Suid-Afrika, is hy in 1913 met Beatrice McEwan, dogter van 'n Skotse immigrant en vooraanstaande boer, getroud. Uit dié huwelik is drie seuns gebore. Na 'n tydperk as leraar in Queenstown het Lamont hom in 1916 in Durban gevestig waar hy die gemeente St. Ninian in Greyville gestig het. Hierdie gemeente het hy tot met sy uittrede in 1928 bedien. Greyville was 'n werkersklaswoonbuurt en 'n vesting van die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty, waarin Lamont hom tuisgevoel het, aangesien hy 'n sterk aanhanger van die Skotse sosialis Keir Hardie se idees was. Hy was hier ook 'n besonder suksesvolle en gewilde leraar, wat al sy energie in sy gemeente gestort het en die kerk 'n deel van die gemeentelede se daaglikse lewe gemaak het. Hy het hom veral beywer om die omstandighede van die minderbevoorregtes, waarvan die meeste Skotse spoorwegwerkers was, te verbeter. Sy deur was vir enige behoeftige oop, ongeag sy eie swak finansiële omstandighede. Buiten sy aansien as leraar het Lamont ook as outeur bekendheid verwerf met boeke soos *Bright Celestials, Heights of Hell, South Africa in Mars* en 'n aantal tydskrifartikels[2].

## Lamont se persoonlikheid en rassebeskouing

Lamont was bekend as 'n intellektuele, saggeaarde en verdraagsame persoon, met 'n gesonde sin vir humor. Hy het maklik vriende gemaak, maar was tog iemand met 'n sterk wil wat onwrikbaar by sy oortuiginge gestaan het. Hy het egter oor die vermoë beskik om, ongeag verskille in standpunte, nie mense van hom te vervreem nie. Dit was 'n karaktertrek wat hy in

---

1. Redaksionele kommentaar, *The Natal Advertiser,* 26 September 1932.
2. Biografiese inligting verkry uit die volgende bronne: brief van dr. A.M. Lamont, 15 Junie 1987; onderhoud met dr. A.M. Lamont, 2 Augustus 1987; *South African Who's Who,* 1938, p. 206; *The Natal Advertiser,* 27 November 1933 (Death of Rev. A. Lamont); *The Natal Mercury,* 17 Augustus 1929 (Labour Mayor for Durban); W.S. Robertson, *Wardie Church 1885-1985,* pp. 22-23. (Ongedateerde pamflet.)

Durban sou benodig, aangesien sy standpunte oor rasse-aangeleenthede gereeld met dié van die blanke Durbaniete gebots het.

Lamont het veral ten opsigte van die Indiërgemeenskap van Durban 'n spesiale affiniteit gehad weens sy kontak met die Asiate in die Ooste. Hy het dan ook die Indiese agent-generaals V.S.S. Sastri en sir K.V. Reddi onder sy persoonlike vriende gereken. Dit was veral in 'n opvoedkundige hoedanigheid dat hy sy bydrae tot die Indiërgemeenskap gelewer het. As onderwyser by die Carlisle Street Indian School en as hoof van die Marine College, die voorganger van die Sastri College, het talle studente, onder wie die seuns van Mahatma Gandhi, by sy inspirerende onderwys gebaat. Met sy hulp en getuigskrifte is talle Indiërs tot die Universiteit van Edinburg, waar sy broer as hoogleraar werksaam was, toegelaat. Polities het hy sy volle steun aan die Indiërs teen die blanke rassisme van Suid-Afrika toegesê. So byvoorbeeld het hy die Pakt-regering se pogings om die Indiërs met die klassewykwetsontwerp te segregeer ten sterkste geopponeer, ofskoon hy lid van die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty was[3].

**Lamont en die Arbeidersparty**

Met sy aktiewe belangstelling in die politiek en sy sosialistiese ideale om diegene te help wat hulself nie kon help nie, het Lamont sy natuurlike tuiste in die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty gevind. Reeds in Brittanje is hy deur die Britse Arbeidersparty genader om hom as kandidaat in Londen verkiesbaar te stel[4]. Hy was 'n vurige en lojale ondersteuner van die Arbeidersparty, het onbaatsugtig uit sy karige inkomste as leraar tot die Party se fondse bygedra, en hom op eie onkoste as kandidaat vir die Party tydens 'n aantal verkiesings verkiesbaar gestel[5].

Lamont was persoonlik bevriend met T. Boydell en kol. F.H.P. Cresswell, die leier van die Party. In 1924 is hy as 'n Arbeider vir Greyville tot die stadsraad verkies. Ten spyte van sy intense lojaliteit en betrokkenheid by die Arbeidersparty was die Party se beleid om Indiërs te repatrieer[6] vir hom onaanvaarbaar. Vir hom was daar behalwe godsdiensverskille geen onderskeid tussen die blanke en die Indiër nie. Hy het dit as die plig van die Arbeidersparty beskou om hom vir alle minderbevoorregtes, ongeag hul kleur, te beywer. Hierdie houding van Lamont het Sorabjee Rustomjee, president van die Natal Indian Congress, soos volg opgesom:

> "Race prejudice or colour question was not in the dictionary of his life. He mixed with all sections freely and his labour ideals marked the feeling of generosity, of sympathy and of uplift (*sic*) towards the working man of any class or creed"[7].

Hy het die rassebeleid van sy party dan ook openlik geopponeer en was gedurende die Arbeiders se jaarkongres in 1926 die enigste afgevaardigde wat die Pakt-regering se Indiërbeleid aangeval het[8].

Lamont se liberale houding ten opsigte van die Indiërkwessie sou hom polities duur te staan kom. Dit was byvoorbeeld een van die redes vir die vervreemding tussen hom, Boydell, Cres-

3. *The Natal Advertiser*, 29 November 1933 (The late Mr Lamont); onderhoud met dr. A.M. Lamont, 2 Augustus 1987.
4. *The Natal Advertiser*, 2 Augustus 1918 (The Rev. A. Lamont entertains Ward I).
5. *The Natal Advertiser*, 30 September 1932 (Devolution Candidate not yet nominated).
6. B.L. Reid: Organised Labour in Natal: 1918-1924 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Natal, 1975), p. 156.
7. *The Natal Advertiser*, 29 November 1933 (The late Mr Lamont).
8. *The Natal Advertiser*, 12 Desember 1926 (Split in Labour Camp).

well en ander lede van die Party. Dit het gelei tot ontevredenheid oor sy nominasie as die Arbeidersparty se kandidaat vir Congella[9] tydens die provinsiale verkiesing van 1927. Sy kandidatuur in dié provinsiale verkiesing en die daaropvolgende parlementêre verkiesing van 1928 (Umlazi) is gevolglik deur sy standpunt oor die Indiërkwessie verswak. Hy het egter ondanks die anti-Indiëratmosfeer in Durban eenvoudig geweier om enige rassistiese uitlatings ten opsigte van die Indiërs te maak. Daarenteen was F.H. Acutt, die kandidaat van die Suid-Afrikaanse Party (SAP) en sy opponent in albei verkiesings, 'n heftige voorstander van strenger maatreëls teen die Indiërs[10]. Sy agitasie vir strenger optrede teen sogenaamde Indiërindringing was dan ook 'n belangrike aspek in sy veldtog[11]. Lamont kon nie teen hierdie emosionele kwessie, wat Acutt heelwat steun besorg het, kompeteer nie. Die uiteinde was dat Acutt albei verkiesings met gemak gewen het[12]. Dit was egter nie die enigste rede vir Lamont se nederlae nie: albei verkiesings in Durban het gedurende 'n tydperk van ongekende Britse jingoïsme as gevolg van die vlagkwessie plaasgevind en in hierdie atmosfeer was die Arbeidersparty se kandidate, ongeag hul bevoegdhede, nie aanvaarbaar nie. Aansluitend daarby was die Arbeidersparty ook deur interne onenigheid lamgelê[13]. Buiten al hierdie faktore teen die Arbeidersparty het Lamont se liberale houding ten opsigte van die Indiërs beslis daartoe bygedra dat talle lojale Arbeiders na die SAP oorgegaan het.

**Lamont as stadsraadslid**

In Greyville, waar Lamont as leraar 'n beminde en legendariese figuur was, het die ondersteuners van die Arbeidersparty egter altyd lojaal aan hom gebly, ofskoon hulle beslis nie sy beskouinge oor rasse-aangeleenthede gedeel het nie[14]. Dit was sy persoonlike gewildheid wat vanaf sy verkiesing as stadsraadslid[15] in 1924 verseker het dat hy dié dorpsgebied tot sy dood in 1933 in die stadsraad verteenwoordig het. In hierdie tydperk is hy twee maal (1926 en 1932) onbestrede herkies[16], terwyl hy binne enkele weke na die rampspoedige parlementêre verkiesing van 1929 met 'n gemaklike meerderheid tot die stadsraad herkies is[17]. Hierdie welslae in sy loopbaan as stadsraadslid kan, afgesien van sy persoonlike gewildheid, ook aan sy onvermoeide pogings om die lewensomstandighede van die blanke arbeider te verbeter, toegeskryf word. So het hy hom byvoorbeeld tydens die munisipale verkiesing van 1924 beywer vir die afskaffing van die munisipale orkes, aangesien hy dit as 'n luukse beskou het en gemeen het dat die begrote fondse eerder vir die armes aangewend kon word[18]. Verder het hy hom ook as 'n hardwerkende en bekwame raadslid onderskei. Hy het alle raadsvergaderings getrou bygewoon en sy mederaadslede se respek geniet. Sy aansien en gewildheid in die stadsraad blyk uit die feit dat hy in 1928 tot onderburgemeester verkies is. Tradisioneel was die

---

9. *Ibid.*
10. F.H. Acutt, *Sailing through the Rainbow* (Durban, 1957), pp. 142-143.
11. *The Natal Advertiser*, 1 Februarie 1927 (Asiatic Question); *The Natal Mercury*, 15 Mei 1929 (Britishers dual Loyalty).
*The Natal Mercury*, 17 Februarie 1927 (Natal makes clean Sweep of Pact); B.M. Schoeman *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976* (Pretoria, 1977), p. 160.
13. F.J. Acutt, *Sailing through the Rainbow*, p. 146; H. Saker, *The South African Flag Controversy* 1925-1928 (Cape Town, 1980), pp. 37-41, 53-58, 99-100, 250-261.
14. Onderhoud met dr. A.M. Lamont, 2 Augustus 1987.
15. *The Natal Mercury*, 7 Augustus 1924 (Town Council Elections).
16. *The Natal Mercury*, 5 Augustus 1926 (The old Brigade returned); Natalse Argiefbewaarplek (NAB): Durban Town Clerk's Office (DTCO): Municipal Elections 1932-1933, Amptelike Uitslag van Wyk V, 3 Augustus 1932.
17. *Ibid.* Municipal Elections 1929: Amptelike Uitslag van Wyk V, 14 Augustus 1929.
18. *The Natal Mercury*, 4 Augustus 1924 (Ward VI Contest).



*Archibald Lamont (1864-1933).*

Durbanse onderburgemeesterskap 'n troosprys[19] aan diegene vir wie die burgemeesterskap nooit beskore sou wees nie[20]. Sy kanse om ooit tot burgemeester verkies te word, was in werklikheid uiters skraal. Die Arbeidersparty was slegs 'n klein minderheidsgroep in die stadsraad en Lamont was weens sy sosialistiese beskouings vir die meeste blanke Durbaniete, sowel as die dagbladpers as 'n moontlike burgemeester onaanvaarbaar. Menige Durbaniet het beslis *The Natal Witness* se beskrywing van Lamont as 'n

> pink socialist (or parlour Bolshevic, as the irreverent call the species in the United States)

gedeel[21]. Tog het die skynbaar onmoontlike gebeur toe hy in Augustus 1929 tog as burgemeester verkies is[22].

**Lamont, die burgemeester, en die bieronluste van 1929-1930**

Selfs Lamont was verras deur sy eie verkiesing en het dit as 'n "gratifying shock" beskryf[23]. Die vraag ontstaan waarom hy dan wèl verkies is, aangesien hyself geen helderheid oor die motivering vir sy verkiesing gehad het nie. Hy het hom spottend soos volg daaroor uitgelaat:

> "I am covered with confusion and reserve my defence"[24].

Sy aansien en gewildheid in die stadsraad het wel 'n rol in sy verkiesing gespeel, maar die belangrikste faktor was ironies genoeg sy liberale houding ten opsigte van die swartes. Hierdie paradoksale situasie was die gevolg van die voortgesette wurggreep en finansiële verliese weens die swart boikot teen die munisipale biersale na die bloedige straatgevegte tussen blankes en swartes op 17 Junie 1929. Die oorsaak van hierdie bloedige uitbarstings was die swart verset teen die munisipaliteit se monopolie van die bierhandel. Volgens hierdie monopolie, of die "Durban-stelsel" soos dit bekend gestaan het, is die swart administrasie in Durban deur die inkomste uit die swartes se besoeke aan die munisipale biersale onderhou. Die monopolie was 'n bron van groot ontevredenheid by die swartes en dit het ook vir hulle geen voordele ingehou nie. Munisipale amptenare was onsimpatiek, die stadspolisie brutaal en swart behuising haglik. Die gevolg was botsings en spanning tussen blank en swart, en die voortgesette bierboikot wat die munisipaliteit ekonomies geknou het[25]. Die onrus was 'n groot skok vir die blankes van Durban, en die gevoel het posgevat dat iets gedoen moes word om die swarte se omstandighede te verbeter. Aansluitend daarby was die munisipaliteit desperaat om 'n einde te maak aan die ekonomiese wurggreep van die bierboikot. Die weg was dus voor-

---

19. *The Natal Advertiser*, 3 Augustus 1928 (Mayor-Elect of Durban).
20. *The Natal Advertiser*, 8 Augustus 1930(Durban's Mayor-Elect).
21. *The Natal Witness*, 8 April 1932 (The Morning after). Selfs sy seuns moes as skoolkinders heelwat spottery en kritiek oor hul vader se sosialistiese opvattings verduur. Onderhoud met dr. A.M. Lamont, 2 Augustus 1987.
22. *The Natal Advertiser*, 16 Augustus 1929 (Durban's new Mayor).
23. *Ibid.*
24. Onderhoud met dr. A.M. Lamont, 2 Augustus 1987.
25. Vir meer inligting oor die onluste in Durban kan F.A. Mouton, *Swart Verset teen die Durbanse munisipale Administrasiestelsel, 1929-1930* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1985) geraadpleeg word, terwyl Paul la Hausse, *The Struggle for the City: Alcohol, the Ematsheni and popular Culture in Durban, 1902-1936* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, 1984) oor die bierstelsel geraadpleeg kan word.

berei vir die verkiesing van 'n liberaaldenkende persoon wat as burgemeester die taak sou hê om 'n einde aan die swart verset te maak.

Lamont se meer liberale houding ten opsigte van rasse-aangeleenthede moet egter gekwalifiseer word. Hy was nie soseer 'n liberalis nie, maar eerder 'n Christelike paternalis. Hy het die swartes nie noodwendig as gelykes van die blankes beskou nie, maar as kinders van God, wat beteken het dat hulle met respek en geregtigheid behandel moes word.[26] Die onderdrukking van en diskriminering teen swartes was dus nie versoenbaar met sy Christelike beginsels of sy opvatting van geregtigheid nie. Om hierdie rede het hy die blanke rassisme van Suid-Afrika in sy boek *South Africa in Mars* fel veroordeel en die blankes teen hul onverdraagsaamheid gewaarsku[27]. Lamont was nie geskok of verras deur die geweldpleging in Junie 1929 nie, aangesien hy dit as die onvermydelike gevolg van die ongeregtighede in Durban[28] beskou het.

Lamont se verkiesing was dus deel van die stadsraad se poging om die bierboikot deur 'n beleid van hervorming enersyds, en dwang andersyds, te beëindig. Dit was naamlik om met hervormings onnodige skaafplekke in die "Durban-Stelsel" te verwyder en sodoende verdere onrus te voorkom. Terselfdertyd is daar gepoog om die onwettige bierbrouery met behulp van 'n polisietaakmag te voorkom en die swartes te verplig om weer die munisipale biersale te ondersteun. Dit sou 'n terugkeer tot die winsgewende dae van die "Durban-Stelsel" beteken. Hierdie wortel-en-stok-benadering moes deur Lamont, wat aansien onder die swartes geniet het, van die nodige geloofwaardigheid voorsien word. Van die stadsraad se oogmerk om Lamont as 'n seremoniële pion te gebruik, het egter niks gekom nie, aangesien hy sy eie idees oor hervorming en geregtigheid gehad het.

Direk na sy verkiesing as burgemeester het Lamont dit onomwonde gestel dat hy hom van die partypolitiek gaan distansieer en dat hy hom vir die welsyn van alle Durbaniete, ongeag hul ras, klas of godsdiens[29], sou beywer. Albei beloftes is deur hom gestand gedoen en hy het hom veral beywer om die posisie van die swartes te verbeter. Gedurende sy termyn as burgemeester is 'n hele aantal belangrike hervormings deurgevoer. So is vir die eerste keer 'n permanente stadsraadskomitee vir swart aangeleenthede ingestel om die griewe en behoeftes van die swartes te bepaal.[30] In Mei 1930 is 'n munisipale welsynsbeampte vir swartes aangestel[31], terwyl 'n swart adviesraad, wat as 'n skakel tussen die munisipaliteit en die swartes van Durban moes dien, reeds in Januarie 1930 goedgekeur is.[32]. Alhoewel hierdie hervormings nie soseer op Lamont se aanbevelings plaasgevind het nie, maar op dié van die De Waal-Kommissie van Ondersoek[33] en die Naturellesakekommissie[34] het die stadsraad onder sy leiding dit gou deurgevoer. Onder sy leiding het ook 'n meer toegeeflike en verdraagsame atmosfeer ten opsigte van swart aangeleenthede in die stadsraad geheers. Die swart Durbaniete het ook besef dat daar 'n simpatieke persoon in beheer van munisipale aangeleenthede was wat bereid was om hul griewe aan te hoor en uit die weg te ruim. Dit was in skrille kontras met sy

---

26. Onderhoud met dr. A.M. Lamont, 2 Augustus 1987.
27. A. Lamont, *South Africa in Mars* (Edinburg, 1923), pp. 72, 116.
28. Brief van dr. A.M. Lamont, 20 Augustus 1987.
29. *The Natal Advertiser*, 16 August 1929 (Durban's new Mayor).
30. *The Natal Mercury*, 11 September 1929 (The Management of Native Affairs).
31. F.A. Mouton, *Swart Verset teen die Durbanse munisipale Administrasiestelsel 1929-1930*, p. 256.
32. NAB, DTCO: Native Advisory Board 1929-1930, Houer 57, Lêer 323A 1: Extract from Minutes of Durban Town Council, 6 January 1930.
33. Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), K22, Houer 5: Verslag van die De Waal-Kommissie van Ondersoek na die Durbanse onluste van Junie 1929, pp. 32-34.
34. SAB, K22, Houer 1, Lêer 6301/29 (Main): Verslag van die Naturellesakekommissie na 'n Besoek aan Durban, 12 Desember 1929.

voorgangers wat behalwe hul onsimpatieke houding, ook geen belangstelling in die swartes van Durban getoon het nie. Vroeër het die stadsraad swart aangeleenthede geïgnoreer en dit in die hande van die sogenaamde kenners, naamlik die munisipaliteit se Departement van Naturellesake gelaat[35]. Die gevolg was dat die stadsraad oningelig was oor swart aangeleenthede en die Departement van Naturellesake vrye teuels gegee het. Lamont het toegesien dat die stadsraad strenger beheer oor dié Departement uitoefen en meer aandag aan die swart gemeenskap skenk. Hy het selfs nie geskroom om vir die swartes by dié ongewilde departement in die bresse te tree nie. Met betrekking tot hierdie aangeleentheid het die bekende vakbondleier A.W.G. Champion later tereg na Lamont verwys as "the first Mayor of Durban to show sympathy with Native aspirations against the then manager for Native Administration"[36].

Buiten die veranderde houding in die stadsraad, het Lamont ook daarin geslaag om die blankes van Durban bewus te maak van die swak posisie van die Durbanse swartes.

Onder Lamont se leiding is ook talle verbeterings aangebring om die lewensomstandighede van die swartes te verbeter. So is ekstra sportgeriewe, soos sokkervelde, 'n tennisbaan, 'n krieketkolfblad, tafeltennisblaaie en bykomende ontspanningsgeriewe soos filmvertonings, konserte, sportbyeenkomste, georganiseerde uitstappies en 'n swemgebied vir die swartes voorsien[37]. Hy het veral 'n persoonlike kruistog teen die haglike swart behuising in plakkerskampe en krotbuurte in die Durbanse buitestedelike gebiede gelei. Die Durbanse stadsraad het hierdie toestande eenvoudig geïgnoreer. Hierdie houding is bitterlik deur Lamont veroordeel. Hy het beweer dat "... the outskirts of Durban were and are, a crying disgrace to a municipality ..."[38].

Op Lamont se aandrang is grond aangekoop en met die aanleg van 'n nuwe swart woonbuurt begin[39]. Dit kan as die grootste bydrae van sy burgemeesterstermyn uitgesonder word.

Lamont se pogings om geregtigheid ten opsigte van die swartes te laat geskied, het hom egter ook 'n paar maal in konflik met die stadsraad en die pers, asook die blanke publiek gebring. So was hy 'n verbete teenstander van die stadsraad se pogings om die aandklokreël vir swartes, wat 'n tyd lank afgeskaf was, weer in te stel. Volgens hom sou dit slegs tot irritasie en swart verset aanleiding gee[40]. Hy het dit in beginsel as 'n "... reversion to the dark ages ..." veroordeel[41]. Ondanks sy besware het die stadsraad die aandklokreël in 1931 weer ingestel. In November 1929 het hy hom ook van die openbare mening in Durban gedistansieer oor die reuse polisieklopjagte om 'n einde aan die swart verset te maak. Hierdie klopjagte het op bevel van die Minister van Justisie, Oswald Pirow, plaasgevind en is deur ongeveer 700 polisiemanne, gewapen met gewere, masjiengewere, knuppels en traangas, waargeneem. *The Natal Mercury* en die blanke Durbaniete was in hul skik oor die klopjagte, aangesien hulle dit uiters geslaag en as 'n oplossing vir die onrus in die stad beskou het[42].

---

35. SAB, K22, Houer 3: Notule van Getuienis voor regter De Waal, p. 321.
36. M.W. Swanson, Champion of Durban, An African Politician and the ICU; lecture, given at the African Studies Association, Los Angeles, 18 October 1968, p. 20.
37. Mayor's Minutes 1930, pp. 10-11; 1931, pp. 5-6; 1932, pp. 6-7.
38. A. Lamont, *South Africa in Mars*, p. 74.
39. L. Torr, *The Social History of an Urban African Community*: Lamont, C 1930-1960 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Natal, 1985), pp. 67-68.
40. *The Natal Advertiser*, 29 November 1930 (Views on the Curfew).
41. Universiteit van die Witwatersrand: Argief van die Durban Joint Council of Europeans and Natives; Minutes of a Meeting of the Joint Council of Europeans and Natives, held in the Mayor's Parlour, Durban, 6 July (s.j.).
42. F.A. Mouton, *Swart verset teen die Durbanse munisipale Administrasiestelsel, 1929-1930*, pp. 236-245.

Lamont het in sy hoedanigheid as burgemeester 'n verklaring uitgereik dat die klopjagte nie op sy versoek plaasgevind het nie en dat dit beslis nie 'n oplossing vir Durban se probleme was nie. Hierin het hy gelyk gehad, want die klopjagte het slegs verdere swart verset uitgelok waarby die meer militante Kommunistiese Party van Suid-Afrika gebaat het. Op aanbevelings dat Durban strenger teen die swartes moet optree, het hy ook heftig gereageer en onder meer verklaar:

> "... this is a fundamental misconception as to what the liberties of the British Empire stand for"[43].

Hierdie verklaring het nie veel kritiek uitgelok nie, maar die Durbanse pers en die publiek het sy kop geëis oor sy optrede tydens die verbanning van Champion uit Durban.

A.W.G. Champion, die leier van die vakbond ICU Yase Natal in Durban, was een van die voorstanders van die handhawing van die bierboikot. Hy is deur die meeste blankes as 'n gevaarlike agitator beskou, wat as 'n bedreiging verwyder moes word. Volgens hulle was hy vir die probleme in die stad verantwoordelik. In hierdie verband het Margaret Perham ná 'n besoek aan Durban die volgende opgemerk:

> "... to White Durban, there is only one opinion about Champion and that is that he should be put up against a wall and shot"[44].

Sowel die burgemeesters wat Lamont voorafgegaan het, as die stadsraad het hierdie mening gehuldig en 'n antagonistiese houding teenoor Champion ingeneem. Lamont het hom nie hieraan gesteur nie en het persoonlik op goeie voet met Champion verkeer. Hy het selfs die buitengewone stap gedoen om 'n ICU-funksie by te woon om die nuwe welsynsbeampte aan die swartes voor te stel. By dié geleentheid het hy die gewaagde voorspelling gemaak dat die tyd waarin die swartes in die regering verteenwoordig sou word, besig was om nader te kom. Verder het hy verklaar dat hy graag die swartes se wense wou aanhoor, sodat daaraan op 'n billike wyse aandag geskenk kon word[45]. Die aansien wat hy by die ICU geniet het, is deur die amptelike uitnodiging aan hom om die vakbond se jaarkongres in 1930 te open, weerspieël[46]. Lamont moes die uitnodiging egter van die hand wys, aangesien hy op daardie dag in Kaapstad sou wees[47]. Vir die meeste blanke Dubaniete was Champion, ongeag sy deelname aan die munisipale swart adviesraad en sy eie pogings om die onrus te beëindig, steeds 'n gevaarlike agitator, wat geneutraliseer moes word. In September 1930 is hy dan ook deur Pirow in terme van die *Wysigingswet op Oproerige Byeenkomste* van 1930 uit Durban verban, sonder die reg op 'n verhoor of appèl[48]. So 'n outokratiese en arbitrêre optrede ten koste van 'n individu se regte en vryheid was vir Lamont onaanvaarbaar. Hy het dan ook simpatiek op Champion se versoek gereageer om as bemiddelaar by die Minister op te tree om die bevel ingetrek te probeer verkry.[49] Lamont het onverwyld 'n versoek aan die Minister gerig om die verbanningsbevel ter syde te stel.[50]. Die historikus Shula Marks beskou Lamont se optrede egter nie as 'n begin-

---

43. *The Star*, 18 November 1929 (Statement by Mayor of Durban).
44. M. Perham, *African Apprenticeship* (New York, 1974), p. 192.
45. *The Natal Mercury*, 2 Julie 1930 (1,500 Natives greet Welfare Officer).
46. Universiteit van Suid-Afrika: Industrial and Commercial Workers Union of Africa Yase Natal Records 1925-1943 Mikrofilm rol 3: Champion aan Lamont, 7 Mei 1930.
47. *Ibid.* Lamont aan Champion, 9 Mei 1930.
48. S. Marks, *The Ambiguities of Dependence in South Africa* (Johannesburg, 1986), p. 82.
49. *The Natal Advertiser*, 26 September 1930 (Champion on his Exile).
50. SAB, JUS 582, Lêer 3136;/31 (Deel 1): Lamont aan Pirow, 26 September 1930.

selsaak nie. Sy sien dit eerder as 'n aanduiding van die stadsraad se vrees dat hul poging om met behulp van Champion se deelname aan die swart adviesraad 'n einde aan die swart verset te maak, daardeur benadeel sou word. Sy staaf haar afleiding deur te verwys na Lamont se brief aan Pirow waarin hy aangevoer het dat Champion hom belowe het om hom aan politieke bedrywighede te onttrek as sy verbanningsbevel herroep sou word. Volgens Lamont sou so 'n optrede beter daarin slaag om Champion se invloed in Durban teë te gaan as die deportasie self. Verder sou dit ook nie van Champion 'n martelaar maak nie. Marks sien Lamont se optrede ten gunste van Champion dus slegs as 'n onderskraging van die stadsraad se beleid van dwang en hervorming en beskou hom as

"... overly sanguine about the municipality's co-optive strategy"[51].

Marks se afleidings is egter nie juis nie. Lamont het nie die stadsraad met sy versoek aan Pirow verteenwoordig nie. In werklikheid was die munisipale amptenare te dankbaar om van Champion ontslae te raak. Daarby het die stadsraad nooit enige toestemming tot sy versoek aan Pirow verleen nie en het die meerderheid van die raadslede hulle van Lamont se optrede gedistansieer[52]. W.G. Ballinger, adviseur van die ICU of Africa, het selfs 'n verklaring uitgereik waarin hy die raadslede (behalwe Lamont) se onsimpatieke houding teenoor Champion se verbanning gekritiseer het[53].

'n Verdere aanduiding dat Lamont se optrede uiters ongewild was, blyk uit die woede van die meeste blanke Durbaniete wat hy hom op die hals gehaal het. J.S. Marwick, die invloedryke LV vir Illovo, het selfs so ver gegaan om Lamont tot 'n openbare debat oor sy standpunt ten opsigte van Champion se verbanning uit te daag[54]. Lamont het nie hierdie uitdaging aanvaar nie. *The Natal Mercury* het Lamont intussen heftig veroordeel en daarop gewys dat hy beslis nie die openbare mening met sy optrede verteenwoordig het nie en dat die Durbaniete en raadslede hulle daarvan distansieer[55]. Verder het die koerant ook 'n aantal briewe teen Lamont gepubliseer. Talle persone het Marwick se voorbeeld gevolg en deur telegramme Pirow versoek om Lamont se pleidooie te ignoreer[56]. Ten spyte van al hierdie kritiek het Lamont nie terugtgedeins nie. Hy het in 'n persverklaring Champion se verbanning as "... an outrage of bare British Justice" veroordeel[57] en verklaar dat dit slegs die rasseverhoudinge in Durban sou vertroebel. Hy het sy pleidooi namens Champion soos volg gemotiveer:

"What we want in dealing with the Natives is statemanship, not policemanship"[58].

Die redes wat Lamont vir die kansellering van die verbanningsbevel aangevoer het, kan gekritiseer word. Dit kan egter aanvaar word dat dit 'n poging was om Pirow, wat hom nie veel aan die filosofie van die regte van die individu gesteur het nie, te oortuig om die verbanningsbevel te herroep. Ondanks Lamont se pleidooie is Champion tog verban en is hy eers drie jaar later toegelaat om na Durban terug te keer. Lamont het sonder skroom Champion by sy vertrek van 'n uitstekende getuigskrif voorsien waarin hy die verbanning gekritiseer het[59]

Marks beskou ook Lamont se ingenomendheid met die pogings om die swartes se lewens-

51. S. Marks, *The Ambiguities of Dependence in South Africa*, p. 85.
52. *The Natal Mercury*, 2 Oktober 1930 (A Repudiation).
53. *The Natal Mercury*, 4 Oktober 1930 (Minister's Ban on Champion).
54. *The Natal Mercury*, 1 Oktober 1930 (Durban Mayor's Attitude).
55. *The Natal Mercury*, 2 Oktober 1930 (A Repudiation).
56. SAB, JUS 582, Lêer 3136/31 (Deel 1): Telegramme aan Pirow.
57. *The Natal Advertiser*, 2 Oktober 1930 (Mayor replies to Critics).
58. *Ibid.*
59. M.W. Swanson (ed.), *The Views of Mahlati* (Durban, 1982), p. 41.

omstandighede te verbeter (soos uit die burgemeestersverslae blyk) as 'n onderskraging van die stadsraad se taktiek. Die stadsraad wou slegs openlike onderdrukking met sogenaamde hervormings vervang om sodoende die swart verset te beëindig. Haar opvatting dat Lamont met sy hervorming slegs 'n einde aan die swart verset wou maak, is nie korrek nie[60]. Dit was wel so dat dit die motivering by sommige stadsraadslede was, maar beslis nie by Lamont nie. Die besef dat inskiklikheid slegs deur pogings om die griewe van die swartes uit die weg te ruim bewerkstellig sou word, was inderdaad 'n belangrike motivering vir Lamont se optrede, maar dit staan nie in verband met die motiewe van die stadsraad as sodanig nie. Lamont se motivering het op sy Christelike beginsels berus, naamlik dat geregtigheid ten opsigte van die swartes moes geskied, en ook op sy lewensfilosofie oor "... the practical applications of the teaching of the Gospels" [61]

Dat Lamont nie by enige strategie van hervorming en dwang betrokke was nie, blyk ook uit die kritiese houding wat *The Natal Mercury,* die grootste voorstander van wet en orde en strenger beheer oor die swartes, teenoor hom geopenbaar het. Hierdie koerant was nooit met Lamont se verkiesing tot burgemeester gediend nie. Die antagonisme teenoor sy liberale opvattings blyk duidelik uit die feit dat die tradisionele gelukwensing met sy verkiesing, of 'n bedanking ná 'n termyn as burgemeester nooit in 'n enkele redaksionele kommentaar verskyn het nie. Daarenteen het die koerant voor elke burgemeestersverkiesing gehoop dat daar sterk opposisie teen sy herverkiesing sou wees[62].

Ten spyte van *The Natal Mercury* se voortdurende kritiek en talle blankes se afkeur van Lamont se verdraagsaamheid en hervormings, wat soos 'n ligtoring in die duisternis van Durban se beklemmende rassisme geskyn het, is hy tog vir drie agtereenvolgende termyne tot burgemeester verkies. Afgesien van sy gewildheid by sy mederaadslede en die besproke hervormingsmotief van die stadsraad kan verdere redes vir hierdie paradoksale situasie aangevoer word. Hy het hom as 'n bekwame en hardwerkende burgemeester onderskei vir wie die burgemeesterskap nie slegs 'n statige seremoniële amp was nie, maar 'n posisie wat leiding moes bied om Durban 'n beter tuiste vir sy inwoners té maak. Om dié rede was hy besonder gewild onder die blanke arbeiders van Durban wat in die knelgreep van die depressie vasgevang was. Dit was na aanleiding van 'n aantal skemas wat onder sy leiding deur die stadsraad ingestel is om die werkloses in Durban van hulp te wees. Sy gewildheid onder hulle is byvoorbeeld deur 'n massavergadering van werkloses op 6 Augustus 1931 weerspieël. Tydens hierdie vergadering het hulle 'n mosie aangeneem dat Lamont weer tot burgemeester verkies moet word. 'n Deputasie is ook na die stadsraad afgevaardig om sy kandidatuur aan te beveel[63] en hy is wel vir 'n derde termyn verkies[64]. Sy poging om tot 'n vierde termyn verkies te word, het egter in Augustus 1932 skipbreuk gely, veral deur *The Natal Mercury,* wat 'n prominente rol in hierdie nederlaag gespeel het. Voor die verkiesing het die koerant die ander kandidate vir die burgemeesterskap teen Lamont gesteun en aanbeveel dat hy vervang moes word, aangesien hy reeds 'n "goeie beurt" gehad het[65]. Teen hierdie tyd was die onrus in die hawestad iets van die verlede, alhoewel die "Durban-Stelsel" nooit weer na die vroeëre winsgewendheid teruggekeer het nie.

Na die verkiesing kon die belangrike gevolg van sy nederlaag gesien word in die meer kon-

---

60. S. Marks, *Ambiguities of Dependence in South Africa,* pp. 82-84.
61. Brief van Lamont uit Sjina aan 'n broer, 23 Oktober 1890 (Brief in dr. A.M. Lamont se besit).
62. *The Natal Mercury,* 7 Augustus 1930; 8 Augustus 1931 (Who will be Mayor?).
63. *The Natal Mercury,* 7 Augustus 1931 (Unemployed support Rev. A. Lamont).
64. *The Natal Mercury,* 8 Augustus 1931 (Town Council held up); *The Natal Mercury,* 8 Augustus 1931 (Lamont Mayor again).
65. *The Natal Mercury,* 5 Augustus 1932 (New Mayor for Durban?).

serwatiewe houding wat die stadsraad ten opsigte van rasse-aangeleenthede ingeneem het weens die afwesigheid van sy voorbeeld en leiding.

**Lamont en die partypolitiek na 1932**

'n Verdere gevolg van sy nederlaag was dat Lamont weer in die praktiese partypolitiek betrokke geraak het. Reeds as burgemeester was hy 'n voorstander en aktiewe lid van die Natal Devolution League (NDL). Hierdie organisasie, wat teoreties 'n nie-partypolitieke organisasie was, het na die dreigemente om die provinsiale rade af te skaf en die vrees vir Afrikaneroorheersing na vore getree en "Home rule" vir Natal voorgestel. Natal moes dus afskei van die Unie en sou slegs in 'n federasie 'n hertoetrede oorweeg[66]. Lamont se steun aan hierdie beweging het nie beteken dat hy skielik in 'n ultra-imperialis ontpop het nie, alhoewel hy die bande met Brittanje wel as noodsaaklik beskou het; dit was steeds deel van sy stryd vir die minderbevoorregtes, naamlik die blanke werkloses[67]. Die NDL was 'n organisasie wat groot aanhang onder die Durbanse werkloses geniet het. Dit was 'n reaksie teen die knelgreep van die depressie en die gepaardgaande gevoel van ontnugtering met die partystelsel wat 'n stryd tussen politieke partye was, terwyl die dringende behoeftes van die gewone mense verwaarloos of op die agtergrond geskuif is[68]. Die devolusiebeweging het tot die uiteindelike vervreemding tussen Lamont en die Arbeidersparty aanleiding gegee. Lamont het gevoel dat dit die Arbeidersparty se plig was om by die NDL betrokke te wees, maar die Party het skepties teen die beweging gestaan[69]. Hy het sy bande met die Party verbreek en hom as 'n onafhanklike vir die NDL in die provinsiale tussenverkiesing in Greyville van November 1932 verkiesbaar gestel. Na 'n taai stryd het hy 'n merkwaardige oorwinning behaal[70]. Hierdie oorwinning was 'n duidelike aanduiding van sy persoonlike aansien en gewildheid onder die blanke arbeiders van Greyville. In die algemene verkiesing van Augustus 1933 het hy sy setel as 'n kandidaat van die Home Rule Party met welslae verdedig en sy meerderheid vergroot[71]. Dat sy oorwinnings die gevolg van sy persoonlike aanhang was, blyk uit die feit dat die SAP die setel na sy dood van die devolusiebeweging herower het[72].

**Slotbeskouing**

Lamont se oorwinning in 1933 was 'n geskikte hoogtepunt in sy politieke loopbaan, aangesien hy reeds ernstige gesondheidsprobleme ondervind het. Hy is dan ook na 'n siekbed van twee maande op 27 November 1933 in Durban oorlede. Met sy begrafnis op 29 November het Durban vir 'n paar uur tot stilstand gekom om eer te betoon en afskeid te neem. Sy aansien onder die Indiërgemeenskap is deur die groot aantal kranse van Indiërs[73] en 'n telegram van Indië se agent-generaal weerspieël[74].

---

66. A.J. Fick, *Die Ontstaan van die Dominiumparty van Suid-Afrika* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1973), pp. 44, 55.
67. *The Natal Advertiser*, 22 Maart 1932 (Exciting Scenes at City Meeting).
68. D.W.M. Edley, *The Natal Devolution League, 1931-1933* (Ongepubliseerde B.A.-Hons.-skripsie, Universiteit van Natal, 1980) kan met vrug geraadpleeg word oor die ontstaan en die redes vir die populariteit van die organisasie.
69. *The Natal Advertiser*, 22 Maart 1932 (Mayor for a Break); *The Natal Advertiser*, 19 Mei 1932 (Mayor's View from Labour Angle).
70. *The Natal Mercury*, 17 November 1932 (Devolution victorious at Greyville).
71. *The Natal Mercury*, 23 Augustus 1933 (Severe Election Setback for SA Party).
72. *The Natal Advertiser*, 14 Maart 1934 (SAP Victory at Greyville).
73. *The Natal Advertiser*, 30 November 1933 (Rev. A. Lamont's Funeral).
74. Telegram in besit van dr. A.M. Lamont.

Vir die swartes van Durban was sy dood ook die verlies van een van hul grootste kampvegters. Uit dankbaarheid vir sy pogings om die toestand van die swartes te verbeter, asook om sy verbanning te verhoed, het Champion aanbeveel dat die nuwe Umlazi-woongebied waarvoor Lamont hom so beywer het, Lamont Township genoem moet word. Die stadsraad het gunstig op die swart adviesraad se aanbeveling gereageer, en sy naam word vandag deur die swart woongebied Lamontville verewig[75]. Dat sy nagedagtenis deur so 'n lewendige en nuttige monument vereer word, sou beslis Archibald Lamont, die kampvegter vir die minderbevoorregte, se goedkeuring weggedra het.

75. L. Torr, *The Social History of an urban African Community:* Lamont, C 1930-1960, pp. 65-66.